Nicandra physalodes uit Fam. Solanaceae

(bloubitter, wilde of bitter appelliefie, Peru apple, Giftbeere)

Die blom is helder **blou**

←gevleuelde blaarsteeltjie

←fyn saadjies

←vrug in kardoesie met oop sye

←vrug oopgedruk, vruggie lyk soos 'n onryp appelliefie

•**Alle dele van die plant is giftig** met die wortel as giftigste deel.
•Dit is ingevoer uit Suid Amerika, maar intussen in Afrika,Asië,Australië en Europa gevestig, waarskynlik as sierplant ingevoer.
•Gifplante uit dieselfde plantfamilie is stinkblaar (*Datura)* en geel gifappel *(Solanum)*

Groeivorm: eenjarig met
stam: 5-hoekig, enkel-, 2- of 3-stammig met vertakkings bo, hoogte 1 m tot 2m
blare: grof eiervormig, kante grof getand, op die einde vernou tot punt, blaarsteel kort gevleuel, soms swart stippels op blaarbokant sigbaar
blomme: baie aanskoulik helder blou met wit keel
vrug: bessie soos appeliefie, lig- tot geelgroen, later vaalgeel met klomp klein saadjies, bessie sit in 'n papieragtige 5-delige **kardoesie** wat oopgevou kan word

Vir verdere inligting sien https://de.wikipedia.org/wiki/Giftbeere en https://www.cabi.org/isc/datasheet/36289

Anka Eichhoff April 2021